Die Lewende Woord

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B478a
Skriflesing uit: Joh.1: 1-14

Kernvers: 14 – 'En die Woord het vlees geword en het onder ons kom woon – en ons het Sy heerlikheid aanskou soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.'

Hierdie is so 'n bekende Skrif en hoe nader die tyd van Sy wederkoms, hoe noodsaakliker raak dit vir ons om dit beter te begryp. Dis Jesus wat die Woord is en vlees kom word het en onder ons kom woon het.

Sy bediening het sowat drie en 'n halwe jaar geduur, maar in so 'n kort tydjie het Jesus vir ons 'n wonderlike en 'n ewige voorsiening gemaak en dit sal 'n tragedie wees as ons daardie voorsiening nie ten volle begryp en benut nie.

Mag die Here deur Sy Gees hierdie Woord vir ons lewend maak, want in hierdie donker tye waarin ons leef is dit net die Woord wat ons staande sal hou.

Jesus het 'n lering gebring wat geen mens of filosoof nog ooit kon weergee nie. So het Hy dan ook aan Sy dissipels opdrag gegee om die mense te gaan leer en om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het.

Dit sal ons niks baat om slegs met bewondering en groot waardering te sê: ja, daar was nog geen leraar soos Jesus nie. Sy lering moet deel word van onsself. Onse Here Jesus het wonderwerke gedoen soos geeneen van die profete gedoen het nie.

So sal dit ons ook niks help om net te praat van al die wonderwerke en nie die betekenis daarvan in ons eie lewens te ervaar en uit te leef nie. Jesus het in Joh.14 :12 gesê: 'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.'

Ons moet dit begin sien en toepas in ons lewens…